# GEESTELIKE PAD EN GROEI (2) – PETRUS

**TEMA:** **PETRUS**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: JOHANNES 21: 1 - 22

**Johannes 21:1** Na hierdie dinge het Jesus weer aan sy dissipels verskyn by die see van Tibérias, en Hy het só verskyn:

Joh 21:2 Daar was bymekaar Simon Petrus en Thomas wat Dídimus genoem word, en Natánael van Kana in Galiléa en die seuns van Sebedéüs en twee ander van sy dissipels.

Joh 21:3 Simon Petrus sê vir hulle: Ek gaan visvang. Hulle sê vir hom: Ons gaan ook saam met jou. En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle niks gevang nie.

Joh 21:4 En toe dit al dag geword het, staan Jesus op die strand; maar die dissipels het nie geweet dat dit Jesus was nie.

Joh 21:5 En Jesus sê vir hulle: My kinders, het julle nie iets om te eet nie? Hulle antwoord Hom: Nee.

Joh 21:6 En Hy sê vir hulle: Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry. Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie meer in staat om dit te trek nie.

Joh 21:7 Daarop sê die dissipel—die een vir wie Jesus liefgehad het—aan Petrus: Dit is die Here! En toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, gord hy sy bo-kleed om—want hy was naak—en werp homself in die see.

Joh 21:8 Maar die ander dissipels het met die skuitjie gekom en die net met die visse gesleep; want hulle was nie ver van die land nie, maar omtrent twee honderd el.

Joh 21:9 En toe hulle geland het, sien hulle ‘n koolvuur op die grond en vis daarop lê, en brood.

Joh 21:10 Jesus sê vir hulle: Bring van die visse wat julle nou gevang het.

Joh 21:11 Simon Petrus het in die skuit geklim en die net op die land getrek, vol groot visse, honderd drie en vyftig in getal; en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.

Joh 21:12 Jesus sê vir hulle: Kom eet! En niemand van die dissipels het gewaag om Hom te vra: Wie is U nie? omdat hulle wis dat dit die Here was.

Joh 21:13 En Jesus het gekom en die brood geneem en dit aan hulle gegee, en so ook die vis.

Joh 21:14 Dit was al die derde keer dat Jesus aan sy dissipels verskyn het nadat Hy opgestaan het uit die dode.

Joh 21:15 Toe hulle dan klaar was met die môre-ete, vra Jesus vir Simon Petrus: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: Laat my lammers wei.

Joh 21:16 Hy vra hom weer die tweede maal: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: Pas my skape op.

Joh 21:17 Hy vra hom die derde maal: Simon, seun van Jona, het jy My lief? Petrus het bedroef geword, omdat Hy hom die derde maal vra: Het jy My lief? En hy antwoord Hom: Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet. Jesus sê vir hom: Laat my skape wei.

Joh 21:18 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en ‘n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie.

Joh 21:19 En dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy God sou verheerlik; en toe Hy dit gespreek het, sê Hy vir hom: Volg My.

Joh 21:20 En Petrus het hom omgedraai en die dissipel sien volg vir wie Jesus liefgehad het, die een wat by die maaltyd op sy bors geval en gesê het: Here, wie is u verraaier?

-o0o-

Joh 21:21 Toe Petrus hom sien, vra hy vir Jesus: Here, maar wat van hom?

Joh 21:22 Jesus antwoord hom: As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My.

**-o0o-**

Ek seën elkeen in die naam van onse Here Jesus Christus.

Na aanleiding van Johannes 21, wil ek graag met julle deel onder die tema **"Geestelike pad en groei"**, soos die Here aan my openbaar het**.** Ek het heelwat navrae oor hierdie gedeelte gehad, en ek deel so bietjie rondom Petrus.

Julle sal onthou dat Petrus 'n visserman was toe Christus hom geroep het as dissipel, en ook 'n profesie oor sy lewe gespreek het. Christus het gesê: *'Ek sal van jou 'n visser van mense maak'.* Daardie profesie het reg deur die tyd hangend gebly, en slegs tot vervulling gekom in Johannes 21.

## PETRUS DIE ROTS

Jesus was deurentyd besig om aan Petrus te bou. Hy was maar 'n eienaardige karakter. Soms het hy bietjie vooruit gehardloop, soms bietjie verwaand en soms moes Jesus hom hard aanspreek. Maar Petrus met sy opregte hart, het altyd by die Here gebly en was getrou, in so 'n mate dat God hom as een van Sy staatmakers, eintlik Sy grootste staatmaker, beskou het. Want Hy sê: *'op jou Petrus, die rots sal Ek my kerk bou'.* Ten spyte van sy tekortkominge, (ek en jy sou seker lankal misluk het) het Petrus aangehou - sy hart was opreg. Christus se kruisiging en opstanding het plaasgevind, en Hy het alreeds 'n keer of wat aan hulle verskyn. Petrus kies om te gaan visvang en is onsuksesvol. Tydens so 'n geleentheid waar die dissipels almal bymekaar was, verskyn Jesus weer aan hulle en roep weer daardie profesie op. "Gee vir my vis, hoeveel het julle gevang?" "Nee ons het niks gevang nie", en Jesus sê Ek sal vir julle gee". Petrus beklee homself want hy besef hy is naak, sterf aan die vlees, werp homself in die see en swem uit. Die dissipels kom uit met die boot. Maar Petrus, nie die ander nie, klim in die skuit en het die net na die land toe getrek. En daar kom die woord tot vervulling wat Christus gesê het *op jou, jy is die rots op wie Ek die hele evangelie gaan bou.*

-o0o-

Johannes 21:1 NA hierdie dinge het Jesus weer aan sy dissipels verskyn by die see van Tibérias, en Hy het só verskyn*:*

Die ander dissipels het almal na Petrus opgesien. Op die vraag van Christus, *"Wie is EK?"* kon niemand antwoord nie. Petrus het geantwoord:

Matthéüs 16:16 En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Mat 16:17 Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.

Mat 16:18 En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Christus het gedurigdeur woord in Petrus gespreek, iets wat nie so geredelik met die ander dissipels gebeur het nie. Die woord wat Christus tot Petrus ingespreek het, het hom in 'n posisie geplaas waar die ander hom gerespekteer en gevolg het. Sonder dat enigeen hom aangestel het, het die ander hom later as die leier tussen hulle beskou, veral nadat Christus gekruisig was; al het Petrus vir Jesus gefaal, dit maak nie saak nie.

Nou sit hulle almal bymekaar en wat sê Petrus?

Johannes 21:3 Simon Petrus sê vir hulle: Ek gaan visvang…

-o0o-

Hierdie is ‘n baie hartseer woord, want drie-en-‘n-half jaar gelede was Simon Petrus ‘n visserman, en heel moontlik ‘n baie goeie een. Dit was sy beroep, sy lewensonderhoud en Christus roep hom tot die evangelie, tot ‘n volgeling, tot ‘n dissipel. Hy gehoorsaam dadelik en volg Christus. Vir 3½ jaar bou Christus in Petrus alles wat Hy kan, meer as wat Hy in die ander dissipels gesit het, juis as gevolg van die posisie wat Petrus eendag moes inneem om die rots te wees waarop Christus Sy kerk kon bou.

Terwyl hulle almal bymekaar is sê Petrus: *‘Boys’ alles wat ek die afgelope drie-en-‘n-half jaar belewe het, sit ek eenkant neer. Ek gaan 3½ jaar terug in my lewe en ek gaan vis vang. Ek verwerp alles wat in my lewe die afgelope 3½ jaar gebeur het. Ek weet nie waarheen ek moet gaan nie, al wat ek weet is om hoe om vis te vang’.*

Hy verwerp eintlik alles wat Christus in sy lewe vir 3½ jaar ingesit het en hy val terug op kennis, net soos Eli. Met ander woorde “*laat ek maar net op kennis werk”.*

Johannes 21:3 …Hulle sê vir hom: Ons gaan ook saam met jou. En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle niks gevang nie.

## 1. <u>DIE SAAD WAT VRUG VOORTBRING</u>

- Wanneer jy geroep is vir God se werk, kan jy nie meer na jou eie terugdraai nie. Jy sal nie suksesvol wees nie, want dit is ‘n seisoen wat veronderstel is om afgesluit te wees. Jy kan nie in tyd teruggaan nie.
- Jy is geroepe, God se woord is in jou lewe ingeplaas. Dit is nou ‘n kwessie van nét vorentoe, want jy moet daardie Lewende Woord wat nie ledig sal terug keer nie, nou as vrug na vore bring.
- Christus Jesus het God die Vader se saad in jou lewe ingesit en **NET JY** kan daardie saad na vore bring. God die Vader het reeds voor die grondlegging van die wêreld, vir elke stukkie grondgebied saad voorberei. Hierdie saad is bestem om die raadsplan van God vir jou lewe tot vervulling te bring. Niemand behalwe jy, kan daardie vrug van die Vader se saad wat in jou lewe ingespreek is, voortbring nie.

Voor die grondlegging van die wêreld het die Vader ‘n woord oor jou gespreek en gesê sy/haar naam moet A en B wees. Tesame met daardie woord is daar ‘n raadsplan, ‘n boek oor jou lewe geskryf (**Psalm 139)**. Die saad wat Hy dáár ingesit het moet nou vrug dra. Die oomblik wanneer jy God se roepstem hóór en gehoorsaam, word daardie grond lewend en ontvang die saad.

Nou moet die grond daardie saad voortbring en net **jy** kan daardie saad lewe gee. Elkeen van ons het ander saad, daarom is dit nie *“copy and paste”* nie, ons dra nie almal piesangs nie. Daarom is dit so belangrik om die gawes te bestudeer, te verstaan hoe die gawes opereer, en hoe aanvullend is die gawes vir die mens. Ons kan dit nie afskei nie. Solank dit van die Here is, sal dit opbouend wees tot <u>**een**</u> liggaam. Ons is miskien ‘n deeltjie van ‘n lit. Dit is waarom ek altyd sê ons as Mount Zion Ministries is miskien ‘n lit van die pinkie, maar ons is nodig om die hand te vervul. Sonder die voorste lit van die pinkie kan die hand nie volmaak werk nie.

Petrus verwerp alles, gaan 3½ jaar terug, vat die ander saam en die rede waarom Christus aarde toe gekom het, kom ***byna*** alles tot ‘n val. Want vir 3½ jaar het Hy Sy disspels onderrig, en Petrus wat veronderstel is om die leier te wees, wil gaan visvang. Hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, maar God was nie met hulle nie, en die Here maak dat hulle niks vang nie. God sluit daardie gedagte toe en hulle is onsuksesvol.

Johannes 21:4 En toe dit al dag geword het, staan Jesus op die strand; maar die dissipels het nie geweet dat dit Jesus was nie.

Johannes 21:5 En Jesus sê vir hulle: My kinders, het julle nie iets om te eet nie? Hulle antwoord Hom: Nee.

-o0o-

### 1.1 Dra Jy Die Vrug?

Jesus vra*: "Kinders het julle iets om te eet?"*

- Watter vrug dra jou lewe?
- Dit wat jy nou doen, is jou lewe wel vrugbaar vir My?
- Wat kan jy My aanbied?
- Het jy vir My iets om te eet?

Hierdie is 'n harde vraag.

Waarom het hulle niks gehad nie?

- Hulle was nie besig met ewigheidsake nie
- Hulle was besig met ander dinge.

Die Here stel nie in ander dinge belang nie. (Lees Psalm 50). Hy stel nie in geld en hierdie ander dinge belang nie. Dit het hulle plek, en daar is dinge wat jy moet doen, maar dit het niks met jou geestelike groei te doen nie. Dit is 'n kwessie van gehoorsaamheid en onderdanigheid aan God se Gees. Vandag wil Hy by jou weet *'het jy vandag vir My iets om te eet?'* en as jou antwoord nee is dan moet jy baie bekommerd raak, want Hy soek die vrug van jou lewe.

Op hulle antwoord dat hulle niks het nie, het Christus hulle gehelp.

Johannes 21:6 En Hy sê vir hulle: Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry. Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie meer in staat om dit te trek nie.

### 1.2 Jou Posisie is belangrik:

Soos ek verstaan het hulle altyd die net aan die linkerkant van die skuit uitgegooi. Dit wil sê jou posisie is belangrik. Ek het ook al daar in 'n skuit op die see van Tibérias, Galilea gestaan en probeer om daardie net te gooi. Dit is nie 'n maklike proses nie. Jou spiere moet geoefen wees, die régte spiere, jou postuur moet reg wees, jou balans en die posisie van jou voete moet reg wees, alles moet in perfekte posisie kom alvorens daardie net **reg** uitgegooi kan word. Deur al die jare het hulle net een metode geken en dit is hierdie metode. Wanneer alles reg in posisie geplaas is, dan gooi hulle die net aan die linkerkant uit, dit maak so 'n boog en dan val hy in die see.

## 2. GEHOORSAAMHEID

Nou sê Christus: *'Ek wil nie hê julle moet dit doen soos julle gewoond is nie, gooi dit nou aan die regterkant*.

Christus sê, dit wat julle geleer is, los dit en doen presies die teenoorgestelde. Gooi die net nou na die regterkant toe.

Moontlike redenasies kan so klink: *'Maar Here my spiere is nie ontwikkel nie. Here ek weet nie hoe ek dit gaan doen nie, Here ek weet nie eens hoe om die net vas te hou aan my regterkant nie, ek is net gewoond aan linkerhand uitgooi'* ensovoorts.

### 2.1 Kennis

Jy kan nie volgens kennis werk nie, jy moet volgens gehoorsaamheid en die opdrag van die Heilige Gees werk. Nou sê Hy vir jou *"gooi die net aan die regterkant van die skuit en julle sal kry"*. Dit is nou slegs op geloof, nie ondervinding nie ..... nie 'Here kan ons 'n paar keer oefen en kyk of ons sal regkom nie', niks van die aard nie. *Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie instaat om dit uit te trek nie*.

-o0o-

### 2.2 Seën

Let op die seën van die Here. Die oomblik wanneer jy, soos Samuel, op die roepstem van God reageer, gaan daar 'n verandering in jou lewe kom. Luister na die woord van die Here in jou binnekamer, en bou 'n verhouding met Hom, antwoord Hom wanneer Hy na jou roep en vervul Sy wil. Soek die koninkryk van God en Sy geregtigheid en alles sal vir jou bygevoeg word. (Mattheüs 6:33).

### 2.3 Binnekamer

Daar is geen kortpad nie, dit is die enigste pad. Dit is geskryf in die Woord van God, en ons moet dit volg. Dit is die binnekamer-verhouding. Soek die wil van God, hou aan totdat Hy Homself aan jou openbaar. Jou net sal só vol word totdat jy nie meer kan uit trek nie. Kyk mooi wat gebeur nou, al is dit die fisiese, soos in hierdie geval.

Johannes 21:6 …Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie meer in staat om dit te trek nie.

Johannes 21:7 Daarop sê die dissipel – die een vir wie Jesus liefgehad het – aan Petrus: Dit is die Here! En toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, gord hy sy bo-kleed om – want hy was naak – en werp homself in die see.

Let op die pad wat Simon Petrus loop. Hy is nou besig om vis te vang, om 3½ jaar terug te gaan. Hy het niks gevang nie en hier verskyn die Here aan hom en vra *'Petrus het jy vir my iets om te eet'*. Hy sê: *Nee Here ek het niks nie, ek het heelnag probeer en het niks gevang nie.*

Hoekom? Want hulle was in die vlees. Die Here kom hulle tot hulp deur te sê wat hulle moet doen, want Hy gaan nie Sy koninkryk so maklik laat vernietig deur die vleeslike begeertes van die mens nie. Hulle gehoorsaam en vang soveel vis dat hulle nie die net kon trek nie. Daarop sê die dissipel – die een vir wie Jesus liefgehad het – aan Petrus: Dit is die Here!

### 2.4 Oorgawe

En toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, gord hy sy bo-kleed om – want hy was naak.

Wat beteken dit?

- Dit beteken die vlees in hom was geopenbaar.
- Hy het nie in die wil van God of onder leiding van die Heilige Gees gefunksioneer nie, maar in die openbaring van die vlees. Die vleeslike dinge was vir hom belangriker as die geestelike.
- Op daardie oomblik het hy besef hy is besig om in die vlees te funksioneer, en as Christus nou na hom kyk sien Christus net vlees. Wat maak hy?
- Hy gryp sy bo-kleed en hy trek dit aan maar dit is nie al wat hy doen nie. Kyk wat sê die Woord
- En hy werp homself in die see.

Wat is die betekenis daarvan?

- Petrus het afstand gedoen van die ou lewe waaraan hy nog al die jare vasgehou het, selfs in die 3½ jaar waarin hy met Christus gewandel het. Hy het nog steeds vasgehou aan daardie ou lewe van 'ek is nog eintlik 'n visserman'.
- Hy het **nie** die beginsel verstaan, en **nie** die profesie verstaan waarin Christus gesê het *ek sal jou 'n visser van mense maak* nie, dit was nooit aan hom geopenbaar nie.
- Hy kon nie die openbaring kry nie, want hy was nog te veel in die vlees.
- Maar daardie oomblik toe die vlees besef hy is naak, en hy moet die vlees bedek voor die aangesig van God, dat hy moet sterf in die vlees, toe werp hy homself in die see, klere en al.
- Hy sterf in homself, hy sterf in die vlees. Hy begrawe homself in die waterbad van wedergeboorte soos Titus sê.

**Titus 3:5** nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees

-o0o-

**Johannes 21:8** Maar die ander dissiples het met die skuitjie gekom en die net met die visse gesleep; want hulle was nie ver van die land nie, maar omtrent tweehonderd el.
Joh 21:9 En toe hulle geland het, sien hulle 'n koolvuur op die grond en vis daarop lê, en brood.
Joh 21:10 Jesus sê vir hulle: Bring van die visse wat julle nou gevang het.
Joh 21:11 Simon Petrus het in die skuit geklim en die net op die land getrek, vol groot visse, honderd-drie-en-vyftig in getal; en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.

### 2.5 Neem Aksie

Jesus nooi hulle uit,' kom bring die vis, laat ons braai'. Is dit wat Petrus gedoen het? Nee, Simon Petrus het in die skuit geklim, en die net op die land getrek, vol groot visse, honderd-drie-en-vyftig in getal; en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.
Daardie honderd drie-en-vyftig (153) visse is die simboliek aan die 153 lande wat moet inkom.

## 3. MZM BETROKKE

Baie van julle is bekend met die volgende verhaal.

In nederigheid noem ek dat ons

- In 2011 die eerste fakkel Jerusalem toe gevat het, dit in Tibérias aangesteek en die verbond met Israel aangegaan het.
- Drie jaar daarna was ons weer in Jerusalem en die Here sê vir my die 'noorde sal die suide ontmoet in Jerusalem'.

Ons het vyf vroue van Noorweë daar (in Jerusalem) ontmoet. Na daardie 1ste ontmoeting, het ons hulle nog sewe keer bymekaar gekry. Die aand van my verjaardag was hulle ook by dieselfde venue. Op my vraag waarvoor is hulle daar, het die leidster gesê *'ons is 153 lande wat elkeen ons eie fakkel na Jerusalem moes bring vir 'n konferensie in Israel, sodat 153 lande bymekaar kan kom en ons sodoende vuur na Jerusalem kan bring'.*

'n Profetiese taak bring die woord tot vervulling en ons as Mount Zion Ministries het die voorreg om die eerste fakkel in te neem. Ek was in trane daardie aand toe ek vir ouma Geraldine gekontak het. Ouma sê vir my: *'Besef jy julle het die moederskoot geopen? As julle nie die eerste fakkel in 2011 ingevat het nie sou die 153 lande nie ingekom het nie'*. Ek het nog nie die resultaat daarvan gesien nie, maar dit maak nie saak nie.

❖ Ons is die vervulling van hierdie hele profesie wat hier geskryf staan.

153 visse kom land toe omdat Petrus weer in die skuit geklim en die net uitgetrek het. Alhoewel hulle baie was het die net nie geskeur nie. Wat 'n woord! Petrus, soos in Engels gestel - "*he stepped into his calling*". Hy het dit nog nie besef nie, maar dadelik tel hy op wat hy verloor het, en sê: Here hier is ek, stuur my.

## 4. OUTORITEIT en ROEPING

Johannes 21:15 Toe hulle dan klaar was met die môre-ete, vra Jesus vir Simon Petrus: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: Laat my lammers wei.

### 4.1 Outoriteit

**Jesus** vra vir hom het jy My waarlik lief en hy maak 'n verklaring en sê ja Here, U weet dat ek U lief het. Jesus gee vir hom beperkte outoriteit: Laat my lammers wei. *"Petrus, Ek gee nou vir jou toestemming,*

*jy het die reg om net die lammers te laat wei. Dit is al. Daar is beperkinge op, nie die skape nie, jy mag net die lammers laat wei".*

Johannes 21:16 Hy vra hom weer die tweede maal: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: Pas my skape op.

Hier sien ons gee Jesus hom bietjie meer outoriteit, hy kan nou Sy skape oppas.

Johannes 21:17 Hy vra hom die derde maal: Simon, seun van Jona, het jy My lief? Petrus het bedroef geword, omdat Hy hom die derde maal vra: Het jy My lief? En hy antwoord Hom: Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet. Jesus sê vir hom: Laat my skape wei.

Hierdie drie maal moes die drie kere wat hy Jesus verloën het uit kanseleer. … Petrus het bedroef geword, omdat Hy hom die derde maal vra…

Kyk die verandering in Petrus.

Hy antwoord Christus op 'n heel ander manier.

*'Here moenie dat ek meer die getuie wees nie, laat U self getuig, want U is God, U is die Alwetende, Almagtige God. Here hoekom vra U vir my as U dit self weet. Here nou nie meer my woord nie maar U Here, laat U self nou hierdie vraag beantwoord. U is self getuie dat ek U lief het'.* Hierdie is 'n baie nederige, diep geestelike antwoord wat Petrus vir Christus gee. En nou maak Jesus al die poorte oop en sê… *Laat my skape wei…*

Jesus sê: *'Petrus hier is My volle kudde, pas hulle op. Gee hulle water, gee hulle kos, gee hulle alles en sorg dat hulle gesond is. Petrus Ek plaas nou my volkome koninkryk in jou hande. Petrus, so pas het jy die plek ingeneem van die rots wat jy sal wees waarop ek My koninkryk sal bou*. En Petrus se "calling" kom tot stand. WOW!

Johannes 21:18 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en 'n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie.

Johannes 21:19 En dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy God sou verheerlik; en toe Hy dit gespreek het, sê Hy vir hom: Volg My.

### 4.2 Leef Jou Roeping

Johannes 21:20 En Petrus het hom omgedraai en die dissipel sien volg vir wie Jesus liefgehad het, die een wat by die maaltyd op sy bors geval en gesê het: Here, wie is u verraaier?
Johannes 21:21 Toe Petrus hom sien, vra hy vir Jesus: Here, maar wat van hom?

Johannes 21:22 Jesus antwoord hom: As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My.

Nadat Jesus vir Petrus gesê het om Hom te volg, sien Petrus vir Johannes volg en vra vir Jesus 'maar wat van hom?' Jesus antwoord hom: As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My.

**LES**:

- Moenie aan ander se bedieninge peuter nie.
- Leer hulle wat God jou geleer het, dit wat jy hulle kan gee en
- Word onderdanig aan die Heilige Gees.
- **Jy** is verantwoordelik vir **jou** wandel met die Here.
- Lewe só dat ander ook vir Christus wil volg.

-o0o-

Iets moes in Petrus se lewe gebeur het wat aan Johannes 'n openbaring gegee het, 'n begeerte van *'Here, ek wil ook dit hê'*. Jesus sê egter vir Petrus: Ek het **jou** geroep, maar jou lewe moet so wees dat ander wat jy gedink het beter en hoër as jy is, sal kies om die voetstappe van jou lewe te volg.

## 5. THOMAS

Ter afsluiting, kom ons kyk na'n ander dissipel van Jesus, Thomas.

Johannes 20:24 En Thomas wat genoem word Dídimus, een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Jesus gekom het nie.

Johannes 20:25 Die ander dissipels sê toe vir hom: Ons het die Here gesien! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.

Johannes 20:26 En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle!

Johannes 20:27 Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig.

Die dissipels vertel hom die Here het aan hulle verskyn. Thomas, in die vlees, sê hy glo dit nie. 3½ jaar bou Christus ook alles in Thomas in. Hy sê Hy gaan sterf, en opstaan. Thomas het alles gehoor en alles gesien, alles beleef en alles ervaar. Nou sê Thomas hy glo dit nie. Na 'n paar dae Jesus verskyn aan hulle en Thomas is ook daar. Die volgende oomblik sê Hy vir Thomas: Thomas, kom steek jou hand in My sy, kom druk jou vingers in My hande. Het Thomas dit gedoen? Nee, want jy sien die skille het van sy oë afgeval.

Die oomblik toe hy na Christus kyk en volheid van God in Christus sien, die volheid van die opstanding van Christus sien, verander Thomas se hele wese en hy kon niks anders sê, soos Maria, Rabboenie! Al wat Thomas kon sê is: "My Here en my God", want hy het Christus nooit so gesien soos die dag van Sy opstanding nie. Johannes 20:28 En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!

Laat jou lewe wees soos die Here lei. Spandeer tyd in jou binnekamer, leer God ken, hoor Sy stem, en luister na wat Hy sê. Volg die pad wat jy moet. Doen wat jy moet doen sodat diegene wat jy gedink het hoër is as jy, diegene wat jy gedink het staan eerste in die ry, jou voetspore sal volg en sê: Ek wil met jou saam gaan want God is met jou!

Mag die Here almal van julle ryklik seën, die Here is met julle. Ek hoop hierdie boodskap het julle geraak en julle gestig, en sal julle bou tot kragtige pilare in die koninkryk van God.

Amen

-o0o-

**Psalm 50:1** 'n Psalm van Asaf. Die God van die gode, die HERE, spreek en roep die aarde, van die opgang van die son af tot sy ondergang toe.

Psa 50:2 Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans.

Psa 50:3 Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig.

Psa 50:4 Hy roep na die hemel daarbo, en na die aarde, om sy volk te oordeel:

Psa 50:5 Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit!

Psa 50:6 En—die hemele verkondig sy geregtigheid, want God staan gereed om te oordeel! Sela.

Psa 50:7 Hoor, my volk, dat Ek kan spreek; Israel, dat Ek jou dit kan inskerp: Ek is God, jou God!

-o0o-

Psa 50:8  Oor jou offers bestraf Ek jou nie, en jou brandoffers is altyddeur voor My.

Psa 50:9  Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie;

Psa 50:10  want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende.

Psa 50:11  Ek ken al die voëls van die berge, en wat roer op die veld, is van My.

Psa 50:12  As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid.

Psa 50:13  Sou Ek vleis van stiere eet of bloed van bokke drink?

Psa 50:14  Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;

Psa 50:15  en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

Psa 50:16  Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond—

Psa 50:17  terwyl jy die tug haat en my woorde agter jou werp?

Psa 50:18  As jy 'n dief sien, dan geval dit jou by hom, en jou deel is met die egbrekers.

Psa 50:19  Jou mond laat jy los in boosheid, en jou tong vleg bedrog.

Psa 50:20  Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy.

Psa 50:21  Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel.

Psa 50:22  Verstaan dit tog, o Godvergeters, sodat Ek nie verskeur sonder dat iemand red nie.

Psa 50:23  Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet.

-o0o-